Gauteng Onderwysdepartement

# Laerskool Elspark

Administratief: admin@elsies.co.za
Webwerf: laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 1418
Tel: (011) 893-2024/5

2026-05-21

Geagte Ouer/Voog

## OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN MEI 2026

### DASSE – MNR. PRETORIUS

Ons ervaar jaarliks gedurende die wintermaande uitdagings met die beskikbaarheid van skooldasse by verskaffers. Daarbenewens word daar gereeld opgemerk dat dasse nie altyd korrek en netjies deur leerders gedra word nie.

Na deeglike oorweging het die Beheerliggaam besluit dat die dra van skooldasse voortaan nie meer verpligtend vir leerders sal wees nie. Hierdie besluit tree in werking om praktiese redes en om 'n netjiese, eenvormige voorkoms onder leerders te bevorder.

Leiers sal egter steeds verplig wees om hul skooldasse daagliks korrek en netjies te dra as deel van hul amptelike skooldrag.

### EKSAMEN – ME BRITZ

U het reeds 'n spesiale omsendbrief ontvang met betrekking tot die eksamen.

Leerlinge moet asb. skool bywoon om al die nodige inligting en ondersteuning te ontvang. Berei asb. goed voor vir elke vraestel.

### ELSIE ENGELE – ME KOMEN



## MINI-NETBAL – ME T. GROBLER

Die afrigters en mini-netbaldogters het die kliniek baie geniet en waardevolle vaardighede aangeleer. Die dogters sien daarna uit om hierdie nuwe vaardighede tydens oefening en wedstryde toe te pas.

Wedstryddatums:

| | |
|---|---|
| 21 Mei | Toernooi (O/7 en 0/8) te Laerskool Elspark |
| 21 Mei | Wedstryd (0/9) vs. Laerskool Goudrand - Weg |
| 23 Mei | Netbaldag (A,B en C spanne, 0/7 – 0/9) te Laerskool Brentwoodpark |
| 6 Junie | Netbaldag (A, B en C spanne, 0/7 – 0/9) te Laerskool Westwood |

**Belangrik:** Oefendae en tye gedurende die eksamentyd sal op die onderskeie netbalgroepe deurgegee word. Baie dankie vir u ondersteuning en samewerking.

## NETBAL – ME DU TOIT

Ons liga is amper op 'n einde en ons is vreeslik trots op al ons spanne.

***Uitspele:***

| | |
|---|---|
| 28 en 29 Mei | Ekurhuleni B uitspele te Laerskool Concordia en Hoërskool E.G Jansen |
| 2 Junie | D16 Challenger + Mostepe Playoffs te Laerskool Concordia |
| 5 en 6 Junie | Ekurhuleni uitspele Laerskool Concordia en Hoërskool E.G Jansen |
| 13 en 14 Junie | GSN uitspele |

## ROOIVALKIES – MNR PJ MULLER

Op 16 Mei het ons Rooivalkie-spelers weer 'n fantastiese rugbydag by Laerskool Northmead geniet! Dit was wonderlik om die seuns se spanwerk op die veld te sien. Ons is ongelooflik trots op elke speler wat deelgeneem het en hul beste gegee het.

'n Groot dankie aan al die ouers en afrigters vir julle ondersteuning, aanmoediging en toewyding. Julle maak elke Rooivalkie-dag ekstra spesiaal!

Ons sien met groot opgewondenheid uit na die volgende Rooivalkie-dae:

- Laerskool Brentwood Park – 23/05
- Laerskool Van Riebeeck Park – 30/05
- Laerskool Westwood – 06/06



Kom ons hou die Rooivalkie-gees hoog en geniet elke oomblik saam!

## Rugby – MNR WEIDEMAN

| | |
|---|---|
| 27 Mei | Liga vs Goudrand (Tuis) |

Rugby-oefening tydens die eksamen sal reeds om 12:15 begin, afrigters sal met ouers kommunikeer tot hoelaat hulle onderskeie spanne sal oefen.

## HENGEL – MNR PJ MULLER

***Hengelnuus – Ons is al halfpad daar!***

Wat 'n fantastiese begin van die hengelseisoen! Ons het reeds 3 van die 6 hengelkompetisies vir die jaar afgehandel, en ons is ongelooflik trots op al ons leerders wat met entoesiasme en sportgees deelneem.

'n Groot dankie aan elke ouer wat hul kinders ondersteun, aanmoedig en help om deel van hierdie sport te wees. Julle betrokkenheid maak 'n groot verskil en dra by tot die sukses van ons hengelspan.

Ons herinner leerders vriendelik dat hulle ten minste aan 4 van die 6 kompetisies moet deelneem om erkenning vir hengel te ontvang. Maak dus seker dat julle nie die volgende geleentheid misloop nie!



Volgende Hengelkompetisie: Diskus Dam
Datum: 6 Junie 2026

Ons sien daarna uit om weer saam 'n lekker dag langs die water deur te bring. Hou die lyne styf en die gees hoog!

## HOKKIE – ME NOVELLIE

**Alle belangstellende dogters wat wil hokkie speel die jaar is welkom!**

Uitdunne begin Maandag, 8 Junie vir die volgende ouderdomsgroepe:
0/10 - dogters gebore in 2016
0/11 - dogters gebore in 2015
0/12 - dogters gebore in 2014
0/13 - Toerspan is reeds gekies, so hulle sal met oefening begin.

Waar: Boonste rugbyveld
Wanneer: 8 – 11 Junie
Tyd: 12:00 – 13:00

NB!!! Bring jou eie hokkiestok en hokkiebal saam wat gemerk is.

## TENNIS – ME VOS

***Tennis uitdunne:***
Waar: Parkrand Tennis Complex
Wanneer: 25 – 28 Mei 2026
Tyd: 15:15 – 16:00

NB! Eie raket is 'n vereiste!

## LANDLOOP – ME RAATH

***Belangrike Datums:***
👟 Landloopoefeninge begin
📅 1 Junie 2026
🕐 12:15 – 13:00

| | |
|---|---|
| 22 Junie | Super 12 Landloopbyeenkoms |

Ons sien uit na 'n opwindende landloopseisoen! Alle leerders wat belangstel om deel te neem, is welkom om die oefening by te woon. Kom werk aan jou fiksheid, deursettingsvermoë en spanbou! "Hardloop met hart, eindig met trots!"

## JUKSKEI – ME ZEEMAN

Jukskei seisoen is hier! Jukskei oefening begin Dinsdag, 2 Junie. Onthou jou oefenklere en tekkies!!

Oefentye tydens die eksamen is 12:30-13:30

Dinsdae, Gr 1-3
Woensdae, Gr 4-7
Donderdae, Ope oefening

Bring jou skeie. Indien jy nie skeie het nie kan jy Dinsdag, 2 Junie by Juf. R. van Dyk se klas aanmeld.

## BOOGSKIET – ME JACOBS

***Belangrike datums***

| | |
|---|---|
| 30 Mei | Kompetisie moet nog bevestig word |
| 6 Junie | Kolle en 3D Kompetisie<br>Hoërskool Elspark<br>Koste: R85<br>Sluitingsdatum: 3 Junie |
| 20 Junie | Kolle en 3D Kompetisie – Purfecto Klub<br>Laerskool Elspark<br>Koste: R85<br>Sluitingsdatum: 14 Junie |

Geen oefening tydens die Eksamen nie.

Vir enige navrae kan u in verbinding tree met Me Jacobs op 082 458 4307 of AGSA-SA Elspark 064 682 0972.

## AFRIKAANSE REDENAARS – ME B. NELL

Afrikaanse Gala Redenaars sal plaasvind in die derde kwartaal.

## JUNIORKOOR – ME B. NELL

Juniorkoor oefening:
Maandag, 25 Mei in die skoolsaal 13:30-14:30

Gedurende die eksamen sal die Juniorkoor voortgaan:
Maandag, 1 Junie in die skoolsaal 12:00-13:00

Maandag, 8 Junie in die skoolsaal 12:00-13:00
Maandag, 15 Junie is 'n skoolvakansiedag en daar sal geen oefening wees nie.

## SENIORKOOR – ME VAN STADEN

Baie dankie aan elke kind en ouer vir hulle positiewe gesindheid. Ons sien uit na al ons optredes.

***Optredes:***

| | | |
|---|---|---|
| 1. Dell Arte Kunswedstryd | - | 14 Augustus |
| 2. Crescendo | - | 27 Augustus te Laerskool Elspark |
| 3. Super 12 | - | 3 September te Louw Geldenhuys |
| 4. Germiston Kunswedstryd | - | 15 September te Laerskool Elspark |

## SKAAK – ME FANOE

Baie geluk aan ons skaakspelers wat ons skool so mooi verteenwoordig het tydens die individuele toernooie die afgelope maande.

Ons is trots op die drie 0/9 skaakspelers: Jaylin Gomes, Kai Hermaans en Joshua Swart wat tydens die 2026 District Chess Finals as toppresteerders aangewys is en opgeneem is in D6 span.

Nou gaan ons fokus op die span- kompetisies. Skaak gaan die dorp blou verf reeds van die naweek af waar ons deelneem by Van Dyk Primary.

## KLEREBANK – ME S. BOTES

Nuwe klerebank tye:
Dindae en Donderdae
7:00 – 9:00 en 13:00 – 14:00

NB!!! Die klerebank is slegs vir die aankoop van tweedehandse skoolklere.

## COLOURFEST – ME LOURENS



## VIRTUELE VERTONING – ME GROBLER

VR Education besoek ons skool op 29 Mei 2026 vir 'n asemrowende 4D vertoning.

Temas:

| | | |
|---|---|---|
| Gr 1 | - | Dinosourusse |
| Gr 2 + Gr 3 | - | Safari |
| Gr 4 – Gr 7 | - | Planetarium |

Koste beloop R40 per leerling en kan by die registerklasse inbetaal word voor of op 28 Mei 2026.

## LEIERFONDSINSAMELING : LEIERS 2026 – MEE NOVELLIE/MITTON

Ons leiers van 2026 hou 'n fondsinsamelingsprojek en ons vra dat u hulle asb. sal ondersteun. Dit beloof om 'n aand vol opwinding te wees!!!




| | |
|---|---|
| **Wat:** | "One Vision" ( A Tribute to Neil Diamond, Freddie Mercury & Celine Dion) |
| **Waar:** | Barnyard Theater Emperors Palace |
| **Wanneer:** | 12 Junie om 19:00 |
| **Koste:** | R200 per persoon |
| **Besprekings:** | Michelle Graham (072 888 3440) |

Baie dankie vir u voortdurende ondersteuning hiermee.

Elsiegroete

R. Pretorius
Skoolhoof